

## Maandag 15 April

**Skrifgedeelte: Psalm 118**

**Fokusgedeelte: Psalm 118:24,  
25**

### **Die dag wat die HERE gemaak het**

Die dag wat die Here na sy ewige beskikking en beplanning bepaal het as jou en my dag. Jou en my dag? Ja, die dag van heil! Die dag van verlossing.

Daardie dag toe God sy Seun as die Hoeksteen van ons verlossing en saligheid gegee het. Daardie dag toe die bouers, die leiers van die kerk van die Ou Testament, uitgeroep het: Hy is die dood skuldig (Matt. 26:66). Daardie dag toe hulle die Hoeksteen as die grondslag van ons saligheid verwerp het, toe hulle Hom van Godslastering beskuldig het en bedoel het om God se Hoeksteen eenkant aan die kruis vas te nael.

Desondanks is dit God se Hoeksteen omdat Hy dit wat Hy doen, volmaak doen. Koning Jesus sê Self: Dit is volbring! Die ewigheidsvooruitsig word 'n ewigheidswerklikheid! Elke uitverkore kind vas en vir ewig ingemessel op daardie Hoeksteen.

Die aangrypende van hierdie Psalm is juis die oorwinningsklank en die oorwinningswerklikheid, omdat niemand God se kind van Hom kan vervreem nie. Geen mens kan God se kind benou nie, omdat niemand teen God kan bly staan en lewe nie. Die heil, die verlossing die dag waarop dit gebeur het, het reeds op Golgota finaal en vir ewig vir God se kind werklikheid geword. Buite die mens om, buite jou besluit om het sy heil joune geword, omdat die Heilige Gees alle weerstand in jou wegvee om jou in te messel op die koste, uitverkore Hoeksteen van ons God.

Dit is die dag deur God verkore, die dag toe die toekoms en die ewigheid by God joune geword het! Jou Pleitgrond, jou Heil! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE. Vir ewig en ewig!

*Sing: Psalm 118-1:11*

*Ds. SD de Kock (Vasie) (Emeritus)*